# SIZA

SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

# nuus


Lidmaatskap..................... 1
Siza Webtuiste .................... 1
Siza Kapasiteitsbou............ 1
Siza Hulpbronne................... 2
Siza Besoeke......................... 2
Ooreenkoms met WIETA.... 2
Navrae/Registrasies........... 2


UITGAWE 2 VOLUME 2 APRIL 2014

## Lidmaatskap

| | |
|---|---|
| Produsent: | 606 |
| Produsent Pakhuise: | 4 |
| Pakhuise: | 51 |
| Multi-eenhede: | 53 |
| Uitvoer agente: | 23 |
| Invoer agente: | 5 |
| Groothandelaars / Bedryfsorganisasies: | 7 |
| Kommersiële liggame: (Opleidingsdiensverskaffers en Ouditliggame) | 6 |
| **TOTAAL:** | **750** |

## Siza Webtuiste

Die SIZA webwerf, www.siza.co.za is opgedateer en beskik nou oor relevante inligting rakende die SIZA program. Dit sluit in: inligting oor die agtergrond van die programme, die SIZA Kapasiteitsbouprogram, die geïdentifiseerde opleidingsdiens-verskaffers, oudits en geïdentifiseerde ouditliggame en algemene bronne.

## Uitrol van Siza Kapasiteitsprogram

SIZA is besig om oor al die provinsies in Suid Afrika die kapasiteitsbouprogram gedurende 2014 en 2015 uit te rol. 'n Totaal van 17 werkswinkels is reeds aangebied en 332 deelnemers is bereik in 7 provinsies. Die beskikbare befondsing vir 2014 en 2015 sal die opleiding oor die implementering van die SIZA standaardvereiste aan SIZA lede verskaf. Opleiding is gefokus op mense wie verantwoordelik is vir die implementering en/of monitering van etiese vereistes in die werksplek, bv admin personeel, voorligtingsbeamptes, aankoopverteenwoordigers (bv groothandelaars), toesighouers en werknemer verteenwoordigers. Die doel is om 'n nasionale infrastruktuur te skep wat etiese handelsfasiliteerders 'n wyer visie gee oor etiese handelsvereistes sodat hulle 'n bewustheid kan skep van etiese handel in die werksplek. Die befondsing sal gebruik word om 70 werkswinkels te fasiliteer vir hul lede teen geen ekstra koste per lid nie. SIZA het 20 opleidings diensverskaffers oor die land geïdentifiseer wie in die landbousektor werk en wat verantwoordelik is vir die organisering en fasilitering van werkswinkels. Om hierdie inligting te bekom gaan na die SIZA webtuiste www.siza.co.za (druk op kapasiteitsbou) om 'n lys van geïdentifiseerde opleidingsdiensverskaffers te bekom wat jy kan kontak as jy die SIZA werkswinkels wil bywoon. Daar is geen koste vir SIZA lede vir die bywoon van die SIZA Etiese Handelsfasiliteerders Kursus nie.

# Siza Hulpbronne

Die SIZA plakkaat sal binnekort voltooi en beskikbaar wees op die webtuiste, maar dit sal ook beskikbaar gemaak word vir mense wat die Kapasiteitsbou Werkswinkel bygewoon het.

'n Etiese Handelsgids vir werknemers (gebasseer op die oorsponklike Etiese Handelshandboek) wat meer inligting verskaf oor die standard, is in 'n meer toeganklike formaat in Engels, asook 4 ander tale op die webtuiste beskikbaar.

# Siza Besoek aan VK/VN/Berlyn Fruit Logistica

Die SIZA program se besoek in Februarie 2014 aan die VK en VN het 'n baie positiewe uitkoms gehad en dit het ook die program by groothandelaars, aankopers en ander rolspelers wat ons besoek het, versterk. Vergaderings is met groothandelaars in die VK gehou, insluitend Tesco, Sainsbury, Waitrose, Morrisons, Marks en Spencer, Walmart en ASDA. In Europa is vergaderings gehou met Ahold, Colroyt en Delhaize, wat almal lede is van BSCI (Business Social Compliance Initiative) maar wat SIZA sal aanvaar as 'n herkenbare gelyke van BSCI. Ons het geen formele aangevraagde herkenning van die SIZA standaard en oudit van BSCI nie, maar ons glo die uitkoms van dit sal positief wees. In die tussentyd hou ons aan om kontak te maak met groothandelaars in die belang van samewerking en nie-duplisering van oudits met ondersteuning uit die internasionale omgewing vir die beginsel.

Na afloop van die Fruit Logistica in Berlyn is daar 7 SIZA werkswinkels in Europa en die VK aangebied wat gefokus het op die program en die datasisteem. Dit het plaasgevind in Hamburg, Utrecht, Stockholm en London. 'n Totaal van 100 persone het die werkswinkels bygewoon en die terugvoer was uitstekend en het baie gehelp. Die bywoningssyfers demonstreer die groot belangstelling in die SIZA program en voorsien ons van 'n duidelike boodskap dat daar internasionaal baie steun is vir hierdie plaaslike inisiatief.

SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA
CRW

# Ooreenkoms met WIETA

SIZA het 'n ooreenkoms met WIETA bereik wat SIZA lede, wie 'n SIZA oudit gedoen het, sal toelaat om deur WIETA erken te word om sodoende 'n WIETA sertifikaat te bekom. WIETA sal nog steeds steekproewe op die eenhede moet toepas om seker te maak regstellings word gedoen, voordat hulle die eenheid kan sertifiseer. Die koste van die steekproewe kan deur Vinpro lede van Vinpro verhaal word.

# Navrae en Siza Registrasies

Vir algemene navrae insluitend registrasies, SAQs en SEDEX, kontak Mariessa Erasmus by die SIZA Hulplyn: 086 11 11 568 of epos na info@siza.co.za.

Om te registreer by SIZA, teken aan op die SIZA webtuiste www.siza.co.za , druk op "Registrasies" en jy sal begelei word na die registrasievorm wat voltooi moet word.